*P. Jonck, A. le Roux, P. Verster*

# LIDMATE SE HOUDING TEENOOR KERKVERENIGING IN DIE NGK-FAMILIE: 'N KRUISKULTURELE ONDERSOEK NA ENKELE VERANDERLIKES*

## Abstract

The unity of the church of Christ is a spiritual reality, which finds its origin in the triune God. Although unity is a spiritual reality given by God himself, a comprehensive, visible expression of this essential unity must be achieved. The family of Dutch Reformed Churches in South Africa is currently struggling to achieve visible unity. In this study, two research questions were posed. Firstly, what is members of the family of Dutch Reformed Churches' attitude towards church unification? Secondly, are there statistically significant differences among members of the family of Dutch Reformed of Churches' attitude towards church unification when home language, level of education and monthly income are taken into account? A total of 223 respondents were included, which consisted of 104 (46,6%) Dutch Reformed Church members, 72 (32,3%) DRC in Africa members and 47 (21,1%) Uniting Reformed Church members. The Attitude towards Church Unification Questionnaire was utilized. Statistical analysis concluded that members of the Dutch Reformed Churches in all the different denominations have a positive attitude towards church unification. The variable found to have the greatest influence on the attitude of church members was home language. Monthly household income was also significant at the 5% level, while level of education did not have a statistically significant influence on people's attitude towards church unification.

* 'n Woord van spesiale dank aan Dr. Lyzette Hoffman vir die redaksionele versorging van die artikel.

*P. Jonck, Departement Sielkunde, Universiteit van die Vrystaat.*
*Prof. A. le Roux, Departement Sielkunde, Universiteit van die Vrystaat.*
*Prof. P. Verster, Hoof: Departement Sendingwetenskap, Universiteit van die Vrystaat.*

# 1. INLEIDING EN DOELSTELLING

Die tydperk waarin Suid-Afrika tans verkeer, is een van snelle veranderinge wat neerslag vind in alle fasette van die samelewing. Verskeie sosio-politieke kwessies staar Suid-Afrika in die gesig, te wete rassediskriminasie, vooroordeel en onenigheid, om net enkeles te noem. Sielkunde, as helpende professie, kan 'n betekenisvolle bydrae lewer om hierdie en ander sosio-politieke kwessies aan te spreek. Hierdie vraagstukke het egter ook 'n besliste uitwerking op die kerk en sy lidmate (*Kerkbode* 24 November 2006:6).

In Februarie 2005 is berig dat byna die helfte van NGK-gemeentes óf sterwend is óf 'n oorlewingstryd voer en dat net 10% van dié kerk se gemeentes dinamies groei (*Rapport* 8 Mei 2005:8). Die NGK-familie het 'n beslissende tydvak in sy bestaan betree: óf die kerk maak 'n paradigmaskuif in die rigting van eenheid en nuwe bedieningspatrone, óf dit sal 'n kwynende kerk word (*Kerkbode* 12 November 2004:7; *Kerkbode* 11 Augustus 2006:10). Desnieteenstaande word daar in 'n brief aan *Kerkbode* (11 Augustus 2006:10) van die standpunt uitgegaan dat die hernieude ywer waarmee kerkvereniging aangepak word, rampspoedige gevolge vir die reeds kwynende NG Kerk mag inhou. Daar word ook te kenne gegee dat die oorhaastige afdwing van eenwording die kerk nie tot heil kan wees nie (*Kerkbode* 24 November 2006:7).

Die onderwerp van eenheid in die NGK-familie is tans 'n aktuele fokuspunt, veral weens die polemiek in die pers rakende kerkvereniging. Ten spyte daarvan dat 'n Amerikaanse teoloog genooi is om afgevaardigdes by 'n predikantekonferensie in Bloemfontein toe te spreek oor hul roeping in Afrika, en nie 'n Afrika-teoloog nie (*Kerkbode* 8 Julie 2005:3), gaan kerkeenheid vanjaar volgens alle aanduidings konkrete gestalte kry wanneer gemeentes op geografiese in plaas van rassegrondslag ingedeel word, aldus 'n berig in die *Volksblad* (9 Januarie 2007:7). Soos wat gesprekvoering vorder, word die paradoks van eenwording al duideliker. Aan die een kant is dit op grond van Bybelse vertrekpunte noodsaaklik dat eenheid bewerkstellig moet word. Aan die ander kant is dit egter ook so dat skeiding die verskeidenheid van kulture in Suid-Afrika weerspieël (*Kerkbode* 24 November 2006:6). In hierdie opsig het die kerk kultuurwortels en 'n kultuurtaak (*Kerkbode* 11 Augustus 2006:10).

Die afgelope twee eeue is die kerk wêreldwyd genoop om by veranderende omstandighede aan te pas. So het paradigmaverskuiwings in Suid-Afrika kerke geen ander keuse gelaat nie as om selfondersoek oor Skrifgetroue optrede te doen. In *Kerkbode* van 11 Augustus 2006 (10) is die vraag gestel of daar enige wetenskaplike bewyse is dat die meerderheid NGK-lidmate die Belydenis van Belhar as belydenisskrif aanvaar. 'n Ander vraag is of daar met vooropgestelde aannames gewerk word om die Verenigende Gereformeerde Kerk te akkommodeer. In hierdie sin kan die voorgestelde navorsingstudie

’n bydrae lewer. Kennis oor die vooropgestelde houdings van lidmate teenoor kerkvereniging kan van groot waarde wees. Ten einde lidmate se houding teenoor kerkvereniging te bepaal, gaan eerstens gepoog word om die belangrikste veranderlikes, te wete houding en kerkvereniging, vanuit die literatuur te konseptualiseer, waarna die navorsingsmetode, resultate en gevolgtrekkings bespreek sal word.

# 2. LITERATUUROORSIG

## 2.1 Houdings

Houding, as konsep, het waarskynlik die mees sentrale rol in die ontwikkeling van sosiale sielkunde in die twintigste eeu gespeel en word in so ’n groot mate beskou as hoeksteen dat sommige outeurs geneig is om die sosiale sielkunde te definieer as ’n studie van houdings (Du Plooy 1989:29; Louw & Edwards 1998:703). ’n Houding verwys na ’n kognitiewe, neurologiese toestand van gereedheid wat georganiseer word deur middel van ervaring. Genoemde toestand van gereedheid het ’n direktiewe en dinamiese invloed op ’n individu se respons teenoor spesifieke objekte en situasies wat daarmee verband hou (Tempelhoff 1996:90).

Meer spesifiek kan ’n houding gedefinieer word as ’n mengsel van oortuigings en gevoelens wat reflekteer of ’n persoon ’n gunstige of ongunstige predisposisie met betrekking tot ’n bepaalde objek het. Dit behels die kategorisering van stimuli volgens ’n evaluerende dimensie, gebaseer op kognitiewe, affektiewe en konatiewe inligting (Taylor, Peplau & Sears 2003:133). Die *kognitiewe dimensie* het betrekking op dit wat ten opsigte van die houdingsobjek geglo word, insluitende die evaluering daarvan wat plaasvind deur intellektuele beredenering. Met behulp van hierdie proses leer individue om feitekennis te assosieer met ’n voorwerp en daarvolgens kognitiewe assosiasies te vorm (Du Plooy 1989:21-22; Van Rooyen 2002:32). Die *affektiewe dimensie* verwys na gevoelens en affekte teenoor ’n objek. Gekoppel aan die stimulus bepaal dit hoe aangenaam of onaangenaam gevoelens teenoor ’n voorwerp sal wees (Van Rooyen 2002:32). ’n Houding behels egter ook ’n bestaande ontvanklikheid om te reageer op sosiale objekte, wat, in interaksie met ontvanklikheidsveranderlikes, gedrag lei en rig. Dit verwys na die *konatiewe aspek* (Du Plooy 1989:24-25; Van Rooyen 2002:32).

Houdingsisteme gebaseer op die kognitiewe-affektiewe-konatiewe model kan soos volg voorgestel word (Zimbardo & Leippe 1991:33):




Figuur 1: Houdingsisteme (Aangepas uit Potgieter 1994:44)

## 2.2 Kerkeenheid

### 2.2.1 Ontstaan van die NGK-familie

In die voorafgaande paragraaf is gepoog om 'n oorkoepelende definisie te verskaf van houdings sowel as die relevansie daarvan vir die huidige situasie binne die NGK-familie. Vervolgens word kortliks aandag geskenk aan kerkeenheid.

Onder kerkeenheid word verstaan dat die kerk van oorsprong een in God Drie-enig is. Hierdie gegewe eenheid moet te midde van verskeidenheid in God se skepping en in die verskeurde werklikheid gesoek, gedien en sigbaar gemaak word. Kerkvereniging behels die proses van samevoeging van verskillende kerkverbande tot een gesamentlike kerkverband (Hofmeyr 1996:330).

Vanaf sy vestiging in 1652 was die NG Kerk één kerk. Lidmate vanuit alle groeperinge het saam in een kerk aanbid. Onder die groeperinge was koloniste, slawe en bekeerlinge uit inheemse volke (Hofmeyr 1996:331; Van der Linde 2002:33). Die eerste vorm van segregasie in die kerk was afsonderlike banke, wat gevolg is deur afsonderlike dienste vir slawe, en later die "klein kerk", wat ook bekend gestaan het as die "oefenhuise". Die gedagte van afsonderlike plekke van aanbidding vir blank en gekleurd het geleidelik begin posvat. By die NG Kerk se sinode van 1857 is daar van die standpunt uitgegaan dat ordelikheid in gemeentes en die bloei van die Woord afsonderlike byeenkomste vir nie-blankes noodsaak (Smith 1972:45-46).

Uit die geskiedenis blyk dit ook dat daar vrae ontstaan het oor die gesamentlike gebruik van die nagmaal. By die Sinode van 1857 het ’n besprekingspunt oor die gesamentlike gebruik van die sakramente aanleiding gegee tot ’n kompromiebesluit wat bepaal het dat, alhoewel nog by die skriftuurlike eenheid van die kerk gehou word, daar toegegee word aan versoeke vir afsonderlike kerke vir verskillende rasse (Smith 1972:45-46; Van der Linde 2002:34). Deur amptelike goedkeuring aan afsonderlike byeenkomste te verleen, het die NG Kerk erkenning verskaf aan ’n reeds bestaande ontwikkeling in die kerk wat toe reeds vir twee eeue aan die gang was. Afsonderlike byeenkomste het die weg gebaan vir afsonderlike gemeentes (Smith 1972:45-46).

As gevolg van die amptelike standpunt ten gunste van afsonderlike gemeentes het ’n hele aantal gemeentes vanaf 1857 tot stand gekom, wat gelei het tot die behoefte aan die skepping van ’n breër kerkbestuur om gemeentes saam te bind. Onsekerheid oor die hantering van kerklike sake het ook bygedra tot die noodsaaklikheid van beter organisasie. Aangesien daar ’n behoefte onder sendelinge was om ook ’n raad te hê waarop hulle hulself kon beroep, word ’n sinvolle kerklike organisasie vir sendingwerk bepleit. In 1881 kom die NG Sendingkerk tot stand (Van der Linde 2002:72).

Individuele NGK-gemeentes het sendingwerk sonder uitsondering as ’n vanselfsprekende taak beskou. Oral in Suid-Afrika is sendingwerk onderneem, wat tot die stigting van gemeentes gelei het (Van der Linde 2002:77). Die NG Kerk in Afrika is as vier afsonderlike provinsiale kerke gestig. Die NG Sendingkerk van die Oranje-Vrystaat is in 1910 gestig, die NG Sendingkerk van Transvaal in 1932, die NG Bantoekerk in Suid-Afrika in 1951 (Kaapland) en die NG Sendingkerk van Natal in 1952. Op 7 Mei 1963 is daar op Kroonstad vergader en is die historiese besluit geneem om te verenig tot ’n algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Adonis 2002:328).

Alhoewel die NG Kerk in die tweede helfte van die 19$^{de}$ eeu in alle erns sendingwerk gedoen het (Adonis 2002:328), het bykans tagtig jaar verloop alvorens sendingwerk onder die Indiërbevolking van stapel gestuur is (Smith 1972:121). Die rede hiervoor was dat die Indiërbevolking as tydelike inwoners beskou is. Op 27 Augustus 1968 is die vereniging van Indiërgemeentes in een kerkverband in beginsel aanvaar. So het die Reformed Church in Africa tot stand gekom (Van der Linde 2002:86).

Die sendingbeleid wat die NG Kerk in 1935 aanvaar het, het die standpunt van selfstandigwording waarop in 1857 besluit is, verder beklemtoon. ’n Gepaardgaande kenmerk van hierdie beleid was die aparte maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die onderskeie bevolkingsgroepe. Die sendingbeleid was in ooreenstemming met die beleid van rasseskeiding, wat op die Volkskongresse van 1944 en 1947 as die beleid van die Afrikaner aanvaar is (Adonis 2002:329).

Sending en apartheid het hand aan hand geloop. In dié verband word daarop gewys dat die Nasionale Party van D.F. Malan ook 'n sendingbeleid gehad het op grond waarvan alle nie-blankes op 'n kragtige wyse gelei moes word om die Christelike godsdiens tot grondslag van hulle lewens te maak, en kerke moes met alle moontlike hulp met hierdie taak bygestaan word (Adonis 2002:335). Toe die Nasionale Party in 1948 aan bewind kom, het apartheid amptelike regeringsbeleid geword (Van der Linde 2002:125).

Tussen 1948 en 1953 het die rassevraagstuk momentum verkry. Die opkoms van swart nasionalisme, asook die groeiende ontevredenheid oor die swartman se *status quo*, het rassespanning vererger. Godsdienstige regverdiging vir die stryd teen skeiding is deur kerklike groeperinge verskaf. Gewapende verset is nie beskou as terroristiese dade nie, maar as selfverdediging teen die staat. Bevrydingsteologie het by talle inslag gevind. Hierteenoor het apartheid en Afrikanernasionalisme gestaan. Spanning het toegeneem en die verhouding tussen blank en nie-blank het verder vertroebel. Hierdie swak verhouding het talle gevolge op alle terreine van die samelewing gehad. Ideologiese persepsies is voortdurend versterk deur leiersfigure uit beide groeperinge. Verdagmaking van mekaar se "bona fides" en 'n diepgewortelde wedersydse agterdog was kenmerkend van hierdie verhouding (Van der Linde 2002:127-129).

### 2.2.2 Vernuwing in die NGK-familie

Met die aanbreek van die sestigerjare was dit duidelik dat vernuwing moes kom. In die annale van die Suid-Afrikaanse geskiedenis staan 1960 opgeteken as een van die stormagtigste jare ooit. Verskeie gebeure het aanleiding gegee tot spanning en gepaardgaande onrus. Alle terreine van die gemeenskapslewe, insluitende die NG Kerk, is intens hierdeur geraak. Die tragedie op 21 Maart 1960 toe daar 64 lyke in die strate van Sharpeville gelê het, was die spreekwoordelike vonk in die kruitvat. Dit was maar een simptoom van die siekte in volkereverhoudinge. In die kerk was daar 'n soeke na antwoorde (Van der Merwe 1990:10-11).

*Ras, volk, nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*, 'n beleidstuk wat in 1974 deur die NG Kerk uitgereik is, is verteenwoordigend van destydse oortuiginge in die NG Kerk oor verhoudingsproblematiek in 'n veelvolkige land. *Ras, volk en nasie* bied op 'n meer genuanseerde wyse steun vir die beleid van afsonderlike ontwikkeling. In plaas van die vroeëre formulering dat afsonderlike ontwikkeling "die wil van God is", word gestel dat 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling nie noodwendig in stryd met die Skrif hoef te wees nie (Van der Linde 2002:144-145). Regverdiging vir afsonderlikheid is soos volg verwoord:

> In die verkondiging van die Evangelie aan mense van wyd uiteenlopende taal en kultuur is daar praktiese metodes gevind sodat elkeen in sy eie taal die groot dade van God kon hoor en verkondig (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1974:102).

Alhoewel daar klem gelê word op die noodsaaklikheid van onderlinge skakeling, word egter herhaaldelik gesê dat een kerkverband nie nodig is nie. Gesamentlike aanbidding per geleentheid word aangemoedig, maar meer as dit is egter nie nodig nie en word ook nie deur die Skrif as opdrag gegee nie (Coertzen 2000:184; Van der Merwe 1990:107).

Verskeie beoogde veranderinge in die NGK-familie het in 1986 begin vorm aanneem. Die beleidstuk *Kerk en samelewing — 'n getuienis van die NG Kerk* het sy verskyning gemaak. In paragraaf 234 van hierdie dokument word gestel dat die familie van NG Kerke kragtens hulle gemeenskaplike historiese oorsprong, onderlinge geloof en verbondenheid aan dieselfde Here, asook hul erkenning van die gereformeerde belydenis, wesenlik een is, alhoewel hulle in institusionele terme van mekaar onderskei word (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1986:44). Die uitreiking van dié beleidstuk het daartoe aanleiding gegee dat 'n groep kerklidmate die NG Kerk verlaat en hul eie kerk, die Afrikaanse Protestantse Kerk, gestig het (Coertzen 2000:187). Die Afrikaanse Gereformeerde Bond was ook teen die uitsprake van die beleidstuk gekant; hulle het egter aangebly ten einde dit tydens die Algemene Sinode in 1990 tot niet te maak (Potgieter 1994:9).

Teenkanting handel oor veral twee sake (Potgieter 1994:9). Die eerste bron van ontevredenheid word uitgedruk in paragrawe 302-309, waarin daar toegegee word dat die NG Kerk apartheid ondersteun het, maar nooit met die gedagte om dit af te forseer nie. Apartheid, as 'n politieke sisteem, wat een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, kan nie op Christelik-etiese gronde aanvaar word nie. Die tweede bron van ontevredenheid was die besluit om ingevolge paragraaf 270 die kerk se deure vir elkeen wat die leer van die NG Kerk bely, ongeag ras, oop te stel (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1986:46; Potgieter 1994:10).

Tydens dieselfde jaar het die Belharbelydenis die historiese skeiding op die spits gedryf. Die Belharbelydenis van 1986 bestaan uit vyf artikels wat handel oor onder andere kerkeenheid, versoening en geregtigheid. Artikel 2 handel oor eenheid en stel dit duidelik dat die een heilige algemene Christelike kerk uit die ganse menslike geslag die gemeente van die heiliges vorm, wat deur Jesus tot 'n sigbare geloofsgemeenskap saamgevoeg word (Daniels 2001:196). Artikel 3 hou verband met versoening en maak dit duidelik dat God Christene wat met Hom versoen is, in staat wil stel om werklik in vrede met mekaar te lewe (Van Niekerk 1996:449). Waar gedwonge skeiding op

rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder, word die versoeningsboodskap ongeloofwaardig gemaak (*Kerkbode* 8 Oktober 2004:9).

Stemme binne die NGK-familie asook wêreldwye oproepe tot herbesinning spoor die NG Kerk aan om sy eie teologie in her-oënskou te neem. Die Skrif moet duideliker spreek as bestaande praktyke; apartheid moet as sonde veroordeel word en die NG Kerk moet sy aandeel daaraan bely (Van der Linde 2002:182).

Kerkvereniging het tydens die Algemene Sinode van 1990 met rasse skrede gevorder. Die ideaal van een kerkverband is onderskryf, maar daar moes langs die weg van gesprekvoering gepoog word om strukture uit te werk vir die beoogde enkele kerkverband. Rekening moes ook gehou word met regmatige vorms van verskeidenheid ten opsigte van taal, kultuur en bedieningsbehoeftes. Veranderde gesindhede moes helaas die wegbereider vir veranderinge wees (Algemene Sinode NG Kerk 1990:33-34; Coertzen 2000:187; Potgieter 1994:23-24). Dienooreenkomstig kan die Algemene Sinode van 1994 met reg die "Sinode van versoening" genoem word aangesien die Sinode sy bereidwilligheid verklaar het om saam te werk met lede van die familie van NG Kerke aan die daarstelling van een kerkverband (Algemene Sinode NG Kerk 1994:354-355).

In April van dieselfde jaar het die Algemene Sinode van die NG Sendingkerk byeengekom ten einde die voorgestelde kerkordelike veranderinge aan te bring met die oog op die vereniging van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika. Die ideaal van strukturele kerkvereniging het 'n werklikheid geword, maar slegs vir 'n gedeelte van die familie (Adonis 2002:338). Oor die vreugde en entoesiasme van vereniging tussen dié twee kerke het 'n wolk van weerstand gehang. Winde van teenkanting het reeds vroeg in die NG Sendingkerk gewaai, terwyl teenkanting ook duidelik sigbaar was in die geledere van die NG Kerk in Afrika. Sommige gemeentes van die NG Kerk in Afrika was nie gediend met (onder andere) die wysigings van die kerkorde nie (Coertzen 2000:188). Pogings om geskille op te los, het misluk en daartoe gelei dat 'n aansoek by die Hooggeregshof ingedien is. Die gevolgtrekking waartoe die Hooggeregshof gekom het, was dat die NG Kerk in Afrika kon voortgaan om sy regsbevoegdheid uit te oefen. Die hofsaak tussen twee lede van die NGK-familie het daartoe gelei dat gesprekke oor vereniging gekortwiek is. Spanning in die verhouding tussen laasgenoemde twee kerke, asook in die relasie met ander ledekerke in dié familie, het die atmosfeer waarin onderhandel moes word, fyngevoelig gemaak (Coertzen 2000:188; Van der Linde 2002:232-233).

Die eenheidsgesprekke van die laaste paar jaar toon min vordering, hoewel die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk te kenne gegee het dat hulle spoedig wil verenig (Jackson 2006). Knelpunte wat eenheids-

gesprekvoering kortwiek, wissel van erkende problematiek tot redes wat nie altyd duidelik uitgespel word nie of selfs bloot verswyg word (Van der Linde 2002:288-289).

Die kwessie rondom die Belydenis van Belhar belemmer bowenal die fokus op eenheid. Die Algemene Sinode van die NG Kerk het reeds in 1990 aangevoer dat elke kerk oor die prinsipiële reg beskik om bykomende belydenisskrifte te aanvaar. Verder word benadruk dat sowel die Belhar-belydenis as *Kerk en samelewing* as basis vir gesprekvoering gebruik moet word (Algemene Sinode van die NG Kerk 1990:607-608). Besware is nie teen die inhoud nie. Trouens, die Algemene Sinode het reeds in 1998 die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar aanvaar, maar wou dit nie as vierde belydenisskrif aanbeveel nie (*Kerkbode* 8 Oktober 2004:9). Verskeie redes word aangevoer, maar dit wil blyk of verskille oor die Belydenis van Belhar onder andere verband hou met historiese, emosionele en simboliese faktore (*Kerkbode* 12 November 2004:6).

Daar is egter ook diegene in die geledere van die NG Kerk wat wel besware teen die Belydenis van Belhar het — besware wat voortspruit uit onder andere die kriteria wat aan 'n gereformeerde belydenis gestel word (Strauss 2005:2). Die Algemene Sinode van 2002 aanvaar dat daar voorsiening moet wees vir die opname van dié belydenis in die belydenisgrondslag van die nuwe kerk. Selfs al word dit as 'n belydenisskrif aanvaar, moet geen gemeente gedwing word om dit te onderskryf nie (*Kerkbode* 8 Oktober 2004:9). By die Algemene Sinode van 2004 is gekies vir 'n "ruim huis", alhoewel die besluitnemingsbevoegdheid van kerkrade ten opsigte van die inrigting van gemeentes erken word (*Kerkbode* 12 November 2004:6).

Volgens Dr. Du Toit, direkteur van kommunikasie van die NG Kerk se Sinode van Wes- en Suid-Kaapland, het die NG Kerk se Algemene Sinode dit al by verskeie geleenthede duidelik gestel dat die Belydenis van Belhar nie in stryd met die boodskap van die Bybel of belydenisskrifte van die kerk is nie. Derhalwe kan plaaslike kerkstrukture nou voortgaan met gesamentlike bedieninge terwyl die kwessie van die aanvaarding van die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif nog nie op algemene sinodale vlak uitgeklaar is nie. Hierdie toegewing van die Verenigende Gereformeerde Kerk word gemaak juis op grond van die boodskap van die genoemde belydenis, naamlik dat dié belydenis nie 'n instrument van verdeling moet wees nie, maar van hereniging (*Kerkbode* 10 Maart 2006:3).

Ds. Van Niekerk, predikant van die Verenigende Gereformeerde Kerk in die Suid-Kaap, aldus *Kerkbode* (12 November 2004:6), beweer egter dat die kompromisbesluit oor die Belydenis van Belhar se insluiting as 'n belydenisskrif, sonder dat lidmate of dominees dit hoef te onderskryf, ruimte skep vir

polarisasie, terwyl die NGK-leierskap juis verdeeldheid wil vermy. Die kwessie van 'n opsie met betrekking tot 'n geloofsbelydenis is egter nie vir die Verenigende Gereformeerde Kerk aanvaarbaar nie (*Kerkbode* 12 November 2004:1). In teenstelling hiermee was daar 'n deurbraak in onderhandelinge in 2006 nadat die Verenigende Gereformeerde Kerk as toegewing nie langer die Belydenis van Belhar as voorwaarde vir eenheid beskou nie (Jackson 2006). Die Reformed Church of Africa asook die NG Kerk in Afrika het ook nog nie die Belydenis van Belhar volledig as belydenisskrif aanvaar nie (*Kerkbode* 12 November 2004:6).

Wanopvattings en ongegronde vrese oor wat eenwording in die praktyk beteken, is ook in 'n groot mate verantwoordelik vir die huiwering by sommige lidmate (*Kerkbode* 13 Junie 2003:2). Kerkvereniging in die NGK-familie het nog nooit beteken dat verskillende taal- en kultuurgroepe in gemeentes saamgedwing moet word nie. Daar behoort egter strukture te wees wat hulle in staat stel om vryelik bymekaar te kan kom om saam die Here in een kerklike opset te kan dien (*Kerkbode* 13 Februarie 2004:6).

Voorts is die legitimasie van predikante 'n verdere struikelblok op die pad na eenwording. Die Verenigende Gereformeerde Kerk het hom in 2003 aan die gesprekskommissie onttrek weens die weiering van die NG Kerk in Afrika om predikante oor en weer tussen dié twee kerke te beroep (*Kerkbode* 13 Februarie 2004:1). Teologiese studente van die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk studeer vanaf 2000 saam aan die Kweekskool te Stellenbosch (Van Niekerk 2000:350). Verder maak studente van die NG Kerk in Afrika in 2004 geskiedenis by die Universiteit van die Vrystaat, aangesien daar vir die eerste keer sedert gesamentlike teologiese opleiding ontvang word, meer studente van dié kerk as van die NG Kerk was (*Kerkbode* 26 November 2004:17). Teologiese opleiding moet eenheid dien en dit nie verskeur nie. Voortgesette opleiding van hoë gehalte moet prioriteit geniet (Hofmeyr 1996:342).

Ten einde verdere lig te werp op hierdie sensitiewe onderwerp gaan kortliks verwys word na die perspektiewe van lidmate op kerkvereniging, of dan die gebrek daaraan. Dr. Boesak, leraar van die Verenigende Gereformeerde Kerk, asook Dr. Bartlett, leraar van die NG Gemeente Aasvoëlkop, sê prontuit: "Bring bymekaar die wat uit innerlike oortuiging by mekaar hoort" (*Kerkbode* 10 Februarie 2005:1). In *Kerkbode* van 12 November 2004 (8) beskou Dr. Erasmus van die Vrystaat die saak van kerkeenheid en die implikasies van die Sinode se besluit oor die Belydenis van Belhar as so 'n dringende prioriteit dat dit dadelik met verteenwoordigers van die NG Kerk in Afrika asook die Verenigende Gereformeerde kerk bespreek moet word. Voorts beweer Dr. Erasmus in *Volksblad* van 16 Mei 2005 (1) dat 60% van NGK-mense daarna smag dat die gereformeerde tradisie van dié kerk weer duidelik word.

Die Verenigende Gereformeerde Kerk het egter ook laat blyk dat die sinodebesluit oor die polemiese Belydenis van Belhar toekomstige gesprekke bemoeilik (*Kerkbode* 12 November 2004:1). Ds. Sunette Pienaar, vroueleraar van die NG Gemeente Skuilkrans-Pretoria, het as predikant en lidmaat van die NG Kerk bedank in reaksie op die NG Kerk se onvermoë om kerkeenheid tot stand te bring (*Kerkbode* 8 Julie 2005:3).

Lidmate van die NG Kerk in Afrika in Bloemfontein stel voor dat daar met langsame haas besin word ten einde die pad van eenheid saam aan te pak. Betreffende die Belharbelydenis voel 'n Bloemfonteinse leraar van die NG Kerk in Afrika dat moontlike besware daarmee verband hou dat die heiligheid van die kerk nie in dieselfde mate beklemtoon word as eenheid nie. Tans kan die eenheid van gelowiges verwar word met ander ideale, soos nasiebou. Juis om sodanige misverstande te bekamp, moet die heiligheid as gawe en opdrag beklemtoon word, sodat wat bely word inderdaad die "gemeenskap van die heiliges" sal wees.

Kerkvereniging in die NGK-familie is van dwingende belang en 'n prinsipieel verdedigbare uitdaging. Vir kerke wat in 'n mindere of meerdere mate onervare is as dit by kerkvereniging kom, hou dit sekerlik frustrasie en moedeloosheid in. Te midde van hierdie pyne op weg na 'n meer verenigde NGK-familie is die uitdagings en geleenthede geweldig groot. Hierdie proses moet egter met die nodige nugterheid, verantwoordelikheid, sensitiwiteit asook begrip vir al die betrokke partye se vrese en frustrasies aangepak word (Hofmeyr 1996:344).

Gevolglik word daar met hierdie studie gepoog om 'n relatief onbekende terrein te verken, te wete lidmate se houding teenoor kerkvereniging. Die resultate van die ondersoek kan 'n bydrae lewer tot beter begrip tussen verskillende groepe binne die NGK-familie om sodoende verhoudinge te bevorder en versoening en welwillendheid in die hand te werk. Vir die doel van hierdie navorsingsprojek word die volgende navorsingsvraag geformuleer: *Hoe verskil kerklidmate se houding teenoor kerkvereniging na gelang van demografiese veranderlikes soos huistaal, opleidingsvlak en maandelikse inkomste van die gesin?*

## 2.3 Demografiese veranderlikes

Alvorens die navorsingshipotese met behulp van die nodige metodologie ondersoek word, gaan daar eerstens aandag geskenk word aan die demografiese veranderlikes.

### 2.3.1 Huistaal

Linguistiese relatiwiteit verwys na die hipotese dat ’n individu se taalvoorkeure die aard van sy/haar denke in ’n groot mate sal beïnvloed. Voorts word gehipotetiseer dat verskillende tale daartoe aanleiding gee dat mense die wêreld uit verskillende invalshoeke aanskou en benader (Weiten 2002:242).

### 2.3.2 Opleidingsvlak

In 1953 is wetgewing oor Bantoe-onderwys deur die destydse apartheidsregering ingestel. Dr Hendrik Verwoerd se standpunt oor die opleiding van “nieblankes” kan as volg saamgevat word:

> Black people were not to receive an education that would lead them to aspire to positions they wouldn’t be allowed to hold in society. Instead they were to receive education designed to provide them with skills to serve their own people in the homelands or to work in labouring jobs under whites (June 16$^{th}$ student uprising 2006:2).

Vanuit die literatuur kon daar egter geen verband gevind word tussen opleidingsvlak en houding teenoor kerkvereniging nie. Daar gaan nietemin ondersoek ingestel word na ’n moontlike verband.

### 2.3.3 Inkomste van die huisgesin

In die verlede het apartheid gelei tot die onregmatige bevoordeling van een bevolkingsgroep bo ’n ander. Die gevolge van so ’n toestand was onder andere werkloosheid asook armoede. Statisties gesproke is 12% van ons land se mense werkloos en 48% van Suid-Afrikaners lewe onder die broodlyn. Daar is families wat nie kos het nie, kindertjies wat dae laas geëet het. Dit is bykans onmoontlik om in Suid-Afrika te woon sonder om die daaglikse realiteit van die helfte van die bevolking in ag te neem (*Kerkbode* 13 Augustus 2004:11). Geen verband kon vanuit die bestaande literatuur gevind word tussen die inkomste van die gesin en die houding van kerklidmate teenoor kerkvereniging nie. Ten spyte hiervan sal ondersoek ingestel word na ’n moontlike verband.

## 3. NAVORSINGSMETODE

Die navorsingsvraag soos hierbo gestel, sal met behulp van die volgende hipotese ondersoek word: *Daar is ’n beduidende verskil tussen kerklidmate se houding teenoor kerkvereniging wanneer dit in verband gebring word met huistaal, opleidingsvlak en maandelikse inkomste van die gesin.*

## 3.1 Navorsingsontwerp

’n Vraelysontwerp word gebruik om die navorsingsdoelwitte te bereik. Hierdie ontwerp word aangewend om interverwantskappe tussen veranderlikes binne die populasie te evalueer. Dit behels dat daar nóg ’n eksperimentele ingreep nóg ewekansige toewysing in hierdie navorsing plaasgevind het. Die gekose proefpersone het dus reeds voor die aanvang van die navorsing aan die verskillende vlakke van die onafhanklike veranderlikes behoort (Huysamen 1991:11).

Wat die steekproef betref, word ’n onderskeid getref tussen vier NGK-denominasies in die NGK-familie, te wete die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK), die NG Kerk in Afrika (NGKA), die NG Kerk (NGK) en die Reformed Church in Africa (RCA). In die gebied waarop die studie betrekking het, naamlik die Mangaung-area, is daar slegs VGK-, NGKA- en NGK-denominasies. Dus sal die studie net van toepassing wees op hierdie drie kerke.

Die steekproef is saamgestel uit lidmate van vier NGKA-gemeentes, ses VGK-gemeentes en ses NGK-gemeentes. Aangesien daar slegs ses VGK-gemeentes in die Manguang-area is, is al ses ingesluit. Dienooreenkomstig is al die NGKA-gemeentes ingereken. Die afsonderlike gemeentes, wat deel uitmaak van die steekproef, is genader en vraelyste is of persoonlik aan die verskillende leraars afgelewer of per pos gestuur, afhangende van geskiktheid. Al ses NGK-gemeentes sowel as twee VGK-gemeentes is persoonlik genader. Aangesien een van die leraars van die NGKA twee gemeentes bedien, is drie van die NGKA-gemeentes persoonlik genader. Al ses NGK-gemeentes het deelgeneem aan die studie, terwyl slegs drie van die VGK-gemeentes wat genader is, deelgeneem het. Al vier NGKA-gemeentes het deelgeneem.

Altesaam 400 vraelyste is vir verspreiding aangebied, waarvan 223 ingevorder en gekodeer is vir ontleding. Die totaal van 223 vraelyste het bestaan uit 47 (21.1%) van die VGK, 72 (32.3%) van die NGKA, en 104 (46.6%) van die NGK. Hieruit kan afgelei word dat die VGK-kerk nie goed verteenwoordig is nie en dat hierdie feit enige gevolgtrekkings sal beïnvloed.

## 3.2 Meetinstrument

’n Gestruktureerde vraelys bestaande uit drie afdelings is as hoofnavorsingsinstrument aangewend. Aangesien daar tans nie ’n vraelys bestaan wat lidmate se houding teenoor kerkvereniging van die NGK- familie kan bepaal nie, is ’n Likert-houdingskaal bestaande uit drie subskale saamgestel. Die eerste twee subskale is ’n wysiging van die rolvoorskrifte vir die predikantevraelys wat deur Potgieter (1994:89-90) opgestel is. Die eerste subskaal handel oor

die *prediking* en bevat 10 stellings wat die respondent se houding teenoor dit wat van prediking in 'n oorgangsfase na 'n geïntegreerde kerk verwag kan word, meet. Die tweede subskaal ondersoek respondente se moontlike verwagtings oor die kerk se rol ten opsigte van *geïntegreerde eredienste* en bestaan ook uit 10 items. Die finale skaal is self ontwerp en meet respondente se houding met betrekking tot kerkvereniging, wat 11 vrae behels.

Elke subskaal het vier responskategorieë. Keuse vier dui aan dat die respondent in 'n baie groot mate met elke stelling saamstem. Indien die respondent in 'n groot mate saamstem, word 'n drie gemerk. Net so word 'n twee of 'n een gemerk indien die respondent onderskeidelik in 'n geringe mate saamstem of glad nie saamstem nie. Die hoogste telling wat 'n proefpersoon op die totale skaal kon behaal, is 124, terwyl die laagste telling wat behaal kon word 31 is, met 'n teoretiese gemiddeld van 77,5. Al drie die subskale is so saamgestel dat hoë tellings 'n aanduiding van 'n positiewe houding ten opsigte van kerkvereniging is, en omgekeerd.

'n Biografiese vraelys moes ook deur elke respondent voltooi word. Dit bevat inligting oor die onafhanklike veranderlikes, naamlik huistaal, opleidingsvlak en inkomste per maand van die huisgesin.

Cronbach se alpha-koëffisiënt is gebruik om die betroubaarheid van die totale meetinstrument en subskale vas te stel. Die Cronbach-alpha-koëffisiënt bereken die itemhomogeniteit, met ander woorde die mate waarin al die items in die toets dieselfde eienskap meet (Van Rooyen 2002:71). Die onderskeie betroubaarhede van die drie skale is bereken, en word in Tabel 1 getoon.

Uit Tabel 1 blyk dit dat al drie subskale se betroubaarhede aanvaarbaar is, alhoewel die derde subskaal se betroubaarheid nie so hoog is nie. Die interkorrelasies tussen die skale is ook hoogs beduidend.

| Skaal | Items | Cronbach se $\alpha$ |
|---|---|---|
| Prediking | 10 | .849 |
| Eredienste | 10 | .833 |
| Kerkvereniging | 11 | .512 |
| Totale skaal | 31 | .731 |

Tabel 1: Betroubaarhede van die meetinstrumente

## 3.3 Statistiese tegnieke

Meerveranderlike variansie-ontleding is op die data uitgevoer. Dit meet die interaktiewe en onafhanklike uitwerking van twee of meer onafhanklike veranderlikes op 'n aantal afhanklike veranderlikes. Die onafhanklike veranderlikes is

huistaal, opleidingsvlak en inkomste per maand, terwyl die afhanklike veranderlike die houding met betrekking tot kerkvereniging, soos deur drie subskale gemeet, verteenwoordig (Kerlinger 1986:228). Cohen se d-toets vir praktiese beduidenheid is ook aangewend. Hierna is, waar nodig, eenrigting variansie-ontledings op die veranderlikes wat beduidend is, uitgevoer. Hierdie metode verwys na die statistiese tegniek wat die variansie tussen die gemiddeldes van twee of meer groepe toets en wat gebruik word om die gekombineerde invloed van een onafhanklike veranderlike op een afhanklike veranderlike te meet (Aron & Aron 1994). Indien die F-toets beduidend is, kan enigeen van die *post hoc-prosedures* gebruik word om die bepaalde vergelykings wat wel beduidend van nul verskil, op te spoor.

Die navorsingshipotese postuleer dat daar beduidende verskille is tussen kerklidmate se houding teenoor kerkvereniging sover dit huistaal, opleidingsvlak en inkomste per maand betref.


## 4. RESULTATE

Biografiese inligting oor die huistaalgegewens van die respondente was as volg: Die oorgrote meerderheid respondente (52,5%) was Afrikaanssprekend. Meer as ’n derde was Sotho-sprekend (36,3%), terwyl Engelssprekendes (1,3%) en Tswana-sprekendes (7,6%) die oorblywende deel uitgemaak het. Aangesien Suid-Afrika oor elf amptelike tale beskik en slegs vier in die vraelys verskyn, was daar vyf respondente (2,2%) wat nie in die genoemde kategorieë geklassifiseer kon word nie. Die gemiddeldes van die onderskeie veranderlikes is soos volg:

Volgens Figuur 2 (kyk volgende bladsy) is die gemiddelde telling vir die gesamentlike groep 94,16, terwyl die teoretiese gemiddelde 77,5 is. Hiervolgens is die verskillende taalgroepe as geheel positief teenoor kerkvereniging. Afrikaanssprekendes het ’n gemiddelde telling van 86,32, wat die laagste gemiddelde telling is. In vergelyking met die ander taalgroepe verskil Afrikaanssprekendes beduidend rakende houding teenoor kerkvereniging, alhoewel die gemiddelde telling hoër is as die teoretiese gemiddeld van 77,5.

Die gemiddelde telling van Engelssprekendes is 96,67, terwyl Sotho-sprekendes die hoogste gemiddelde telling (98,02) het. Diegene wat Tswana besig, het ’n gemiddelde telling van 92,59. Diegene wat nie in die genoemde kategorieë geklassifiseer kon word nie, het ’n gemiddelde telling van 97,20. Al die taalgroepe se gemiddelde tellings is hoër as die teoretiese gemiddeld van 77,5 en hulle is dus positief teenoor kerkvereniging.

Biografiese gegewens aangaande die opleidingsvlakke van respondente het aan die lig gebring dat vier respondente geen formele opleiding ontvang





| | |
|---|---|
| Afrikaans | 86,32 |
| Engels | 96,67 |
| Sotho | 98,02 |
| Tswana | 92,59 |
| Ander | 97,20 |
| Totale Groep | 94,16 |

Figuur 2: Gemiddeldes vir die verskillende taalgroepe

het nie, en die helfte (52,0%) het slegs hoërskoolopleiding of minder. Nietemin het 45,7% van die respondente tersiêre opleiding ondergaan. Daar is egter ook diegene wat indiensopleiding in een of ander rigting ontvang het, of slegs 'n kort kursus voltooi het. Daar was vyf respondente wat nie in die genoemde kategorieë ingesluit kon word nie. Die mediaan–opleidingsvlak van die steekproef was Graad 12. Die gemiddeldes vir die verskillende opleidingsvlakke word in Figuur 3 aangetoon.

Figuur 3 (kyk volgende bladsy) wys daarop dat die gemiddelde telling vir die gesamentlike groep 89,82 is, terwyl die teoretiese gemiddelde 77,5 is. Hiervolgens is die respondente op die verskillende opleidingsvlakke as geheel positief teenoor kerkvereniging. Respondente wat geen formele opleiding ontvang het nie (N = 4) se gemiddelde telling was 85,50, wat die laagste gemiddelde telling verteenwoordig. In vergelyking met die ander groepe verskil hierdie opleidingsgroep beduidend rakende houding teenoor kerkvereniging.

Diegene met 'n laer kwalifikasie as graad 8 (N = 12) se gemiddelde telling is 87,58. Respondente wat slegs oor graad 8 beskik (N = 13), het die hoogste gemiddelde telling (97,62). Diegene wat opleiding tot graad 10 ontvang het (N = 32), het 'n gemiddelde telling van 88,03. Die gemiddelde telling van matrikulante (N = 55) is 91,18, terwyl respondente met tersiêre opleiding (N = 102) 'n gemiddelde telling van 92,80 het. Diegene wat nie in genoemde kategorieë geklassifiseer kon word nie (N = 5), het 'n gemiddelde telling van





| | |
|---|---|
| Geen | 85,50 |
| Laer as Gr 8 | 87,58 |
| Graad 8 | 97,62 |
| Graad 10 | 88,03 |
| Graad 12 | 91,18 |
| Tersiêr | 92,80 |
| Ander | 86,00 |
| Totale Groep | 89,82 |

Figuur 3: Gemiddeldes vir die verskillende opleidingsvlakke

86,00. Die gemiddeldes vir die verskillende opleidingsvlakke is almal hoër as die teoretiese gemiddeld van 77,5 en dus positief teenoor kerkvereniging. Die frekwensies asook gemiddeldes vir die verskillende inkomstegroepe word in Figuur 4 (kyk volgende bladsy) aangetoon.

Volgens Figuur 4 val die meeste respondente in die middel-inkomstegroep, alhoewel die hele spektrum van inkomstekategorieë verteenwoordig word. Meer as die helfte (51,6%) van die respondente verdien minder as R5000 per maand vir die hele huisgesin. Die mediaan-inkomste van die steekproef is tussen R1000-R5000 per maand per huisgesin. Die gemiddelde telling vir die gesamentlike groep is 90,70, terwyl die teoretiese gemiddelde 77,5 is. Hiervolgens is die respondente in die verskillende inkomstegroepe as geheel positief teenoor kerkvereniging. Respondente wat minder as R1 000 per maand verdien (N = 46) se gemiddelde telling is 93,54, wat hoër is as diegene wat tussen R1 000 en R5 000 verdien (N = 69). Hierdie groep se gemiddelde telling is 92,56. Die gemiddelde telling van diegene wat tussen R5 000 en R9 000 verdien (N = 40) is 89,88, wat laer is in vergelyking met diegene wat tussen R9 000 en R13 000 verdien (N = 23). Hierdie inkomstegroep het ’n gemiddelde telling van 93,09. Die gemiddelde telling van die R13 000 tot R17 000




Figuur 4: Frekwensies en gemiddeldes vir die verskillende inkomstegroepe

inkomstegroep (N = 16) is 85,00, wat die laagste gemiddelde telling verteenwoordig. In vergelyking met die ander inkomstegroepe verskil hulle beduidend rakende houding teenoor kerkvereniging, alhoewel die gemiddelde telling steeds positief is. Respondente wat tussen R17 000 en R21 000 per maand verdien (N = 12), het die hoogste gemiddelde telling (94,08). In vergelyking met die ander inkomstegroepe het hierdie groep die hoogste houdingstelling rakende kerkvereniging. Die inkomstegroep wat meer as R21 000 verdien (N = 17), het 'n gemiddelde telling van 86,76. Die gemiddeldes vir die verskillende inkomstevlakke is almal hoër as die teoretiese gemiddeld van 77,5 en dus positief teenoor kerkvereniging.

Die meerveranderlike variansie-ontledings wat uitgevoer is ten einde die navorsingshipotese te toets, toon dat slegs huistaal 'n beduidende onafhanklike veranderlike is wat die afhanklike veranderlike (houding met betrekking tot kerkvereniging), soos deur die drie subskale gemeet, beïnvloed. Volgens Cohen se d-toets beskik opleidingsvlak en inkomste per maand oor matige praktiese beduidendheid, terwyl taal oor groot praktiese beduidendheid beskik.

Voorts is 'n eenrigting variansie-ontleding met taal as onafhanklike veranderlike uitgevoer, wat toon dat taal, as 'n belangrike onafhanklike veranderlike vir al drie subskale beduidend is. Die *post hoc* Scheffé-toets wat uitgevoer is om te bepaal watter verskille beduidend is al dan nie, toon aan dat die enigste verskil wat beduidend blyk te wees dié tussen Afrikaanssprekendes en Sesotho-sprekendes is. Daar moet egter ook vermeld word dat Afrikaans en Sotho die enigste goed verteenwoordigde taalgroepe in die steekproef was. Daar moet dus nie te veel klem geplaas word op die feit dat die verskille tussen die Afrikaanssprekendes en die ander groepe nie beduidend is nie.

Verder moet daarop gelet word dat die NG Kerk asook die Verenigende Gereformeerde Kerk oorwegend Afrikaanssprekende kerke is. Die bevolkingsverspreiding is ook van so 'n aard dat Sotho-mense die oorgrote meerderheid van die bevolking in die Mangaung-area uitmaak.

Aangesien inkomste per maand, volgens Cohen se d-toets, oor matige praktiese beduidendheid beskik, is 'n eenrigting variansie-ontleding gedoen met inkomste as onafhanklike veranderlike. Die resultate van die eenrigting variansie-ontleding toon aan dat slegs prediking as afhanklike veranderlike op die 5%-peil beduidend is. Geeneen van die Scheffé-vergelykings is egter beduidend nie. Weens die matige praktiese beduidendheid van opleidingsvlak is 'n eenrigting variansie-ontleding gedoen met opleidingsvlak as onafhanklike veranderlike, wat egter nie beduidend is nie.

# 5. GEVOLGTREKKING

Daar is in hierdie navorsingstudie kruiskultureel ondersoek ingestel na lidmate se houding teenoor kerkvereniging in die NGK-familie. Deeglike bestudering van die bestaande literatuur het ernstige leemtes aan die lig gebring, wat deurgaans in gedagte gehou moet word.

Die navorsingsvraag wat met behulp van die navorsingshipotese ondersoek is, postuleer dat daar beduidende verskille tussen kerklidmate se houding teenoor kerkvereniging is en dat dit korreleer met huistaal, inkomste per maand en opleidingsvlak. Statistiese ontleding toon dat huistaal, as onafhanklike veranderlike, 'n beduidende invloed op die afhanklike veranderlike uitoefen. Wanneer na die totale groepsgemiddeld gekyk word, is dit beduidend hoër as die teoretiese gemiddelde. Dit weerspieël 'n positiewe houding onder taalgroepe teenoor kerkvereniging. Hoewel die gemiddelde bokant die teoretiese gemiddeld is en dus positief is, is Afrikaanssprekendes, in vergelyking met al die verskillende taalgroepe, se houdingstelling rakende kerkvereniging beduidend laer op al die subskale (kyk meetinstrument).

Afrikaanssprekende lidmate, wat verskeie rassegroepe insluit, se verwagtinge oor prediking tydens die oorgangsfase na 'n geïntegreerde kerk, is beduidend laer as die van Sotho-sprekendes. Volgens die interpretasie van die meetinstrument kan aangeneem word dat Sotho–sprekendes waarskynlik sal verkies dat prediking aktueel van toepassing is op 'n dinamiese samelewing ten einde die kerk relevant te hou in 'n Suid-Afrika met soveel vrae en uitdagings (Potgieter 1994:118). 'n Herenigde kerk sal misdaad, armoede, korrupsie, MIV/VIGS en rassisme met groter gesag kan aanspreek. Die NG Kerk kán gemeenskappe doeltreffend dien; wat nodig is, is 'n Gereformeerde Kerk in Afrika vir Afrika (*Kerkbode* 12 November 2005:6).

In dieselfde trant openbaar Sotho-sprekendes ook ’n positiewer houding teenoor inisiatiewe om skakelingsgeleenthede tussen verskillende gemeentes te reël (Potgieter 1994:108). Sotho-sprekendes se houding tenoor kerkvereniging, soos gemeet op die subskaal, is beduidend hoër as die van die ander taalgroepe. Items sluit in die noodsaaklikheid van kerkvereniging as ’n sigbare teken van versoening.

Aangesien kerklidmate se houding teenoor kerkvereniging verskil na gelang van die mate waarin dit met huistaal korreleer, word die navorsingshipotese gedeeltelik aanvaar.

Wat inkomste van die huisgesin per maand betref, is slegs prediking, as afhanklike veranderlike, op die 5%-peil beduidend. Geeneen van die Scheffé-vergelykings is egter beduidend nie. Opleidingsvlak het ’n matige praktiese invloed op houding teenoor kerkvereniging. Die navorsingshipotese dat kerklidmate se houding teenoor kerkvereniging na gelang van inkomste per maand verskil, word dus verwerp.

Die konteks waarin Suid-Afrikaners hulle bevind, stel besondere eise aan die kerk in die algemeen en aan die NGK-familie in die besonder. Alhoewel daar baie pyne op weg na ’n meer verenigde NGK-familie voorlê, is die uitdaginge en die geleenthede wat so ’n verenigde kerk bied, geweldig groot. Uit die aard van die saak is dit belangrik om nugter en eerlik na die verskeidenheid van knelpunte op die pad na kerkeenheid te kyk. Dit is egter net so belangrik en miskien meer lonend om na die gemeenskaplikhede te kyk wat kerke in ’n kerkverenigingsproses saambind (Hofmeyr 1996:344).

Na aanleiding van hierdie navorsing kan die volgende punte van kritiek en gepaardgaande aanbevelings gemaak word.

- Slegs lidmate van die NGK-familie in die Manguang-area is ingesluit in die steekproef. Dit is dus nie moontlik om die resultate na alle lidmate van die NGK-familie in Suid-Afrika te veralgemeen nie. Daar word dus aanbeveel dat die steekproef uitgebrei en waar moontlik vergroot word.
- Weens die lae responskoers van respondente is die verteenwoordigendheid van die resultate ingekort. Die veralgemening van resultate moet dus met omsigtigheid hanteer word.
- Weens administratiewe oorwegings kon die vraelys slegs in Afrikaans en Engels vertaal word. Vir toekomstige gebruik word aanbeveel dat die vraelys ook in ander tale beskikbaar gestel word.
- Aangesien daar nie ’n vraelys is om houdings teenoor kerkvereniging te meet nie, is een deur die navorsers aangepas. In toekomstige navorsing kan hierdie vraelys uitgebrei word om betroubaarheid te verhoog en terselfdertyd ’n meer omvattende vraelys beskikbaar te stel.

# BIBLIOGRAFIE

ALGEMENE SINODE NG KERK

1974. *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

1990. *Acta Synodi*, pp. 607-608.

1994. *Acta Synodi*, pp. 354-355.

ADONIS, C.

2002. Bevryding tot eenwording en getuienis: Die geskiedenis van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika 1950-2001. *NGTT* 43:327-341.

ARON, A. & ARON, E.N.

1994. *Statistics for Psychology*. Eagle Wood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

COERTZEN, P.

2000. The unity of the family of Dutch Reformed Churches in South Africa: Then and now — prospects and frustrations. A Dutch Reformed Perspective. *NGTT* 41:179-195.

DANIELS, A.

2001. Bybelgebruik in die Belharbelydenis se artikel oor 'eenheid'. *Scriptura* 77:193-209.

DU PLOOY, J.

1989. Die houding van diensdoenende onderwysers teenoor bestaande evalueringspraktyke, met spesiale verwysing na die situasie in die Oranje-Vrystaat — 'n empiriese ondersoek. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

HOFMEYR, J.W.

1996. Kerkvereniging en kerkreg: Geskiedenis, beginsel en praktyk. S*krif en Kerk* 17:329-346.

HUYSAMEN, G.K.

1991. *Beskrywende statistiek vir die sosiale wetenskappe*. Pretoria: Academica.

JACKSON, N.

2006. NGK en VGK wil spoedig verenig. [Aanlyn.] Bekom van: http://152.111.1.251/argief/berigte/volksblad/2006/06/24/VB/1/tnjeen.html [2007, 28 Maart].

JUNE 16TH

s.a. Student uprising. [Aanlyn.] Bekom van: http://africanhistory.about.com/library/weekly/99060801a.htm [2006, 17 Junie].

*KERKBODE*

2003. Eenwording 'sal nie gemeentes bedreig'. 13 Junie, p. 2.

2004. Eenheid: Nuwe wending. 13 Februarie, p. 1.

2004. Kerkvereniging en rassisme. 13 Februarie, p. 6.

2004. Wees opreg teenoor jou medemens. 13 Augustus, p. 11.

2004. Kerkvereniging en Belhar. 8 Oktober, p. 9.

2004. Beslissende tyd vir die NG Kerk-familie. 12 November, p. 7.

2004. Eenheid op spits gedryf. 12 November, p. 1.

2004. Hergebore NGK begin wys hy wil tuiste met baie plek wees. 12 November, p. 6.

2004. NG leiers droom oor toekoms. 12 November, p. 8.

2004. Nuwe energie vir kerkhereniging. 12 November, p. 6.

2004. NGKA-studente maak geskiedenis. 26 November, p. 17.

2005. Kerkhereniging: 'Bring bymekaar wat bymekaar hoort'. 10 Februarie, p. 1.

2005. Vroueleraar gooi tou op met NG Kerk. 8 Julie, p. 3.

2006. Nuwe hoop vir eenheid tussen NGK en VGK. 10 Maart, p. 3.

2006. Teenstrydige uitspraak oor Belhar verwar. 11 Augustus, p. 10.

2006. Dié wat wil verenig, moet afstig. 11 Augustus, p. 10.

2006. Wa deur die drif? 24 November, p. 6.

2006. Kerkhereniging: Hoe gemaak? 24 November, p. 7.

*Kerk en Samelewing*
1986. *'n Getuienis van die Ned Geref Kerk soos aanvaar deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, Oktober 1986*. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Kerlinger, F.N.
1986. *Foundations of Behavioral Research*. 3rd ed. New York: Harcourt Brace Jovanovich College Publishers.

Louw, D.A. & Edwards, D.J.A.
1998. *Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suid-Afrika*. 2de uitgawe. Johannesburg: Heinemann.

Potgieter, A.V.
1994. Rolvoorskrifte vir die predikant in die oorgangsfase na 'n geïntegreerde gemeenskap en gemeente. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

*Rapport*
2005. Kerkhereniging is hiér op dreef. 8 Mei, p. 8.

SMITH, N.J.

1972. Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

STRAUSS, P.J.

2005. Belydenis, kerkverband en Belhar. Ongepubliseerde artikel.

TAYLOR, S.F., PEPLAU, L.A, & SEARS, D.O.

2003. *Social Psychology*. 11th ed. New Jersey: Prentice Hall.

TEMPELHOFF, M.

1996. Die kennis en houding van gevangenes teenoor vigs. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

VAN DER LINDE, H.H.

2002. 'n Kerkhistoriese en Kerkregtelike studie van die kerkverenigingsproses in die Ned Geref Kerkfamilie. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

VAN DER MERWE, J.M.

1990. "Ras, volk en nasie" en "Kerk en samelewing" as beleidstukke van die Ned Geref Kerk — 'n Kerk-historiese studie. Ongepubliseerde D.D.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

VAN NIEKERK, A.

2000. Die gesamentlike teologiese opleiding: 'n Wonderwerk wat moet gebeur. *NGTT* 41:350-365.

VAN NIEKERK, A.C.J.

1996. Moet ons die Belydenis van Belhar (1986) as 'n nuwe Belydenisskrif aanvaar? *Skrif en Kerk* 17:443-455.

VAN ROOYEN, H

2002. 'n Kruiskulturele ondersoek na voorspellers van jong volwasse studente se houdings teenoor die huwelik. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

*VOLKSBLAD*

2007. Kerkeenheid kry konkrete gestalte. 9 Januarie, p. 7.

2005. NGK 'reeds aan't skeur'. VS-moderator reageer op berigte. 16 Mei, p. 1.

WEITEN, W.

2002. *Psychological themes and variations*. 5th ed. California: Wadsworth Thomson Learning.

ZIMBARDO, P.G. & LEIPPE, M.R.

1991. *The psychology of attitude change and social influence*. New York: McGraw-Hill.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Houding | Attitude |
| NG Kerk familie in Suid-Afrika | Dutch Reformed Churches in South Africa |
| Kerkvereniging | Church Unification |
| Taal | Language |
| Opvoedingsvlak | Level of education |
| Maandelikse inkomste | Monthly income |